Kix-pirasie Los die tou

Gee aan elke leier/leidster ‘n stukkie tou en laat hulle die een kant vasmaak aan iets (bv. ‘n potlood, tafelpoot, of enigiets wat naby hulle is). Hulle moet die ander punt van die tou bly vashou.

Die Bybel herinner ons aan twee goed: In Filippense 4:6-7: “Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen. As julle bid, sal julle God se vrede beleef.”

En in Psalm 46:11 word ons herinner: “Wees stil en weet Ek is God.”

Terwyl jy die toutjie vashou, bly jy vas aan daardie ander item waaraan dit vasgemaak is. Dit gaan saam met jou waar jy ookal gaan. Soms is daardie ding so groot dat jy nie verder kan vorentoe beweeg nie. Jy gaan altyd bewus wees van daardie ding wat vas is aan jou. Die enigste manier hoe jy dit nie meer gaan saam dra nie, is om die toutjie te los.

In ons lewens is daar goed wat ons sukkel om te los, goed waaraan ons toutjies vas is. Goed wat ons net nie 100% vir die Here wil oorgee nie. Ons weet God is daar, maar ons probeer dit self hanteer. (Gee geleentheid dat die leiers/leidsters dink aan goed in hulle lewe wat hulle sukkel om oor te gee.)

Daar is ‘n spreekwoord wat sê: “Let go & let God.”

Die wonderlike ding van om die toutjie te los, is dat jy vir die Here plek gee om in te kom. Terwyl die toutjie tussen jou en daardie ding staan, is daar nie plek vir die Here om in te kom nie. Sodra jy jou kant laat los, maak jy ‘n deur vir die Here oop om in te kom en beheer te neem oor daardie situasie en struikelblok oor jou lewe. Hoe los ons die tou? Om te bid, is om te laat los en God te laat oorneem.

Wat is die een ding waarvan jy die tou moet los? Word stil by die Here hieroor terwyl jy die woorde van Psalm 46:11 oordink:

“Wees stil en weet Ek is God.”

Sluit af met gebed.

LOS DIE TOU...